


# NOU'S DAAR 2!

Die Lollipop Lounge in Randburg het deesdae nog 'n lekkerder buzz as gewoonlik, noudat die eienaar, Gigi, *Survivor: Santa Carolina* gewen het.

Die spanning is verby, en nou kan Gigi weer op haar besigheid fokus.

Die Lounge het tydens die *Survivor*-reeks ná elke episode uitdunne vir die Mej. Erotic Island-kompetisie gehou.

Ná Woensdagaand se laaste *Survivor*-episode op M-Net, het die finals begin waaraan agt erotiese danseresse deelgeneem het.

Gigi was effe laat as gevolg van haar besige skedule by M-Net se studios, maar het onmiddelik haar pearlywhites uitgepak en almal vriendelik gegroet en laat tuis voel by die klub.

Sade Giliberti, wat saam met Gigi op die eiland by Mosambiek was, was die MC vir die aand en een van die celebrity judges.

Die res van die "jurie" was Deon Opperman en sy nuwe liefde Marelize; Mark Venter (Edith se seun); Nikki Viljoen van Viljoen Consulting; Sharon van Lola Montaz en Candice van Anti-gravity pole dancing studio.

Ná die aankondiging van die wenner het Deon gesê: "Ons het die beoordelingsproses ernstig opgeneem, want wat die dames doen, is ernstig."

Ander celebrities soos Sean Else en Christina Storm was ook daar om vir die dames te cheer.

Dit was Sean se eerste keer by 'n erotiese klub. Sê hy. "Dit was vir my 'n verrassing. Dit is glad nie so sleazy as wat ek gedink het nie.

"Die dansers is kunstenaars uit eie reg. Daar is 'n fyn balans tussen natuurlik en sleazy, en daar moet hier, soos in alle aspekte van die lewe, 'n balans tussen die twee wees."

Oor naaktheid, en of daar plek daarvoor in die samelewing is, sê Deon: "Daar is in oorsese lande oral standbeelde - en die standbeelde is naak.

"Dit is 'n lang tradisie in die mensdom en moet gevier, vereer en geniet word.

"Maar dit moet met respek en eer gedoen word, soos in dié kompetisie."

Deon se verhoogstuk *Nipple Caps and G-Strings*, waarin Gigi is, gaan binnekort weer begin toer en Deon en Sean werk aan 'n soortgelyke musiekstuk vir die teater te werk.

**Dit was Sean Else se eerste keer by 'n erotiese klub. Sê hy.**

**Hier's sy weer! Gigi, die wenner van *Survivor* op M-Net. *Sondag* was laas week die enigste Suid-Afrikaanse koerant wat Gigi in haar volle glorie kon wys. Dit was só gewild, dat lesers gevra het vir nóg. Natuurlik! Net vir julle...**

FOTO: Lollipop Lounge

PRAAT SAAM
SMS jou mening na
39069


